Weerburo,

Posbus 1135,

PRETORIA.

19 Mei 1952.

Die Direkteur,
Weerburo,
PRETORIA.

AANBEVELINGS: MARION-EILAND.

1. Na 'n verblyf van meer as 18 maande op Marion-Eiland, kan ek die volgende aanbevelings, gebaseer op ondervinding, voorlê. Die aanbevelings word gedoen in belang van eerstens, die personeel op die Eiland en tweedens die ontwikkeling van die Eiland as geheel.

2. Ek het saam met drie aflosgroepe (die vyfde, sesde en sewende) gewerk en alhoewel werksomstandighede en temperamente tussen indiwidue verskil, is die basiese formule waarvolgens algehele samewerking verkry kan word, essensieël dieselfde. Op so 'n afgesonderde stasie, is dit van die grootste belang dat daar 'n gees van volkome samewerking moet wees. Hierdie gees van samehorigheid hang af van:-

(a) Die leidende rol van die Verantwoordelike Beampte. Op sy skouers rus die taak van organisasie, beheer en verdeling van nie-tegniese of nie-amptelike werk.

(b) Die vermoë van personeellede om hulleself aan te pas by toestande op die Eiland en om die samelewing soos die van 'n gelukkige huisgesin te laat vlot. Hiervoor is 'n groot mate van persoonlike opoffering nodig bv. om ander se opinies en beginsels te respekteer - tot 'n veel groter mate as in die Unie.

(c) Die verhouding en samewerking tussen die Departement en personeel op die Eiland.

3. Uit die voorgaande paragraaf sal blyk dat die keuring van personeel van die grootste belang is. Ek wil graag die aandag vestig op die Antarktiese Ekspedisie onder leiding van Kaptein R.F. Scott (ook dié van andere) en die maandelange keuring en nogmaals keuring van vrywilligers om uiteindelik die mees gewenste persone te vind. Vrywilligers behoort 'n paar maande voor keuring in Pretoria byeen geroep te word om die betrokke hoofde van Departemente (of alternatief die Marion Keurings-Komitee) in staat te stel om vrywilligers te leer ken en te sorteer. Persoonlike lêers, aanbevelings van amptenare goed bekend met betrokke vrywilligers, getuigskrifte, skool- of universiteits-rekords, ook betreffende buitemuurse aktiwiteite ens. kan almal help om keurders 'n leidraad te gee. Die beleid van die Departement om in gevalle waar daar slegs een vrywilliger vir 'n betrokke pos is, en alhoewel die persoon as onwenslik beskou word, dan nog daardie vrywilliger aan te stel, kan ek ten sterkste afkeur. Geen moeite of onkoste moet te hoog wees om alleen die geskikte persoon te vind nie.

4. Aanstelling van die Verantwoordelike Beampte. In belang van die Eiland wil ek pleit dat die grootste aandag geskenk word aan die keuring en aanstelling van 'n Verantwoordelike Beampte. Van sy persoonlikheid en invloed, vermoë om leiding te gee, geskille te voorkom of op te los, werk van gemeenskaplike aard te organiseer en die gewenste gees van samewerking en vlyt te kweek, hang die welsyn van die stasie af.

2/ ....

5. Staande Instruksies vir Eiland. Dit is verbasend hoeveel personeellede op die Eiland aankom sonder die vaagste benul van omstandighede en wat van personeellede verwag word. Vir myself kan ek heelwat inligting inwin voor my vertrek, maar ek was geheel onkundig van die bestaan van 'n Marion-Eiland Komitée of die Staande Instruksies vir die Eiland. Tydens die periode van kennismaking wat keuring voorafgaan moet vrywilligers vertroud raak met toestande op die Eiland en die inhoud van die Staande Instruksies. Daar is dikwels moeilikhede betreffende werk op Sondae, regulasies van Vakbonde ens. Ek stel voor dat diensvoorwaardes (uitgesonderd salarisse) vir alle personeellede dieselfde moet wees.

6. Probleem van Alkoholiese Drank. Heelwat onaangenaamheid het al voortgespruit uit die gebruik van drank. Aangesien die oorgrote meerderheid van personeel jong manne is, beveel ek aan dat die voorsiening van drank heeltemal afgeskaf word. 'n Aanvullende toelaag kan dan uitbetaal word. As die Departement egter besluit dat drank aanhou verskaf sal word, beveel ek aan dat persone wat nie drank gebruik nie, gekrediteer sal word met 'n bedrag ter waarde van die daaglikse rantsoen wat nie gebruik word nie. Dieselfde geld vir persone wat nie sigarette of lekkers gebruik nie. Die toestand bestaan nou dat personeellede wat nie drank en/of lekkers en/of sigarette gebruik nie, wel inkomstebelasting moet betaal op hierdie "gifte" wat hulle in werklikheid nie ontvang nie.

7. Addisionele Personeel. Die huidige personeel vind dit onmoontlik om al die werk op die Eiland te verrig met die gevolg dat die instandhouding van die geboue soos bv. verfwerk en algemene verbeterings, verwaarloos word. Ek stel voor 'n vermeerdering in tegniese personeel. Daar is bv. net een radio-operateur en as hy ernstig siek sou word, sal telekommunikasie met die Unie afgesny wees. Sekere tye van die dag het die Weerkundige personeel ook 'n ekstra man nodig. Hierdie tegniese beamptes kan dan gedurende hulle vry tyd help met die veelvuldige buitewerke. Ekstra weerkundige personeel kan help om uurlikse waarnemings 24 uur per dag te neem terwyl dit op die oomblik slegs vir 12 uur gedoen word. Die hele oogmerk van die stasie is immers om weerkundige informasie in te wen en as die uurlikse waarnemings verdubbel kan word, sal die waarde van die stasie soveel hoër wees. Daar is ook leemte vir 'n geoloog en 'n landmeter.

8. Aanbou van geboue. Die noodsaaklikheid van aanbou en verbetering van bestaande geboue word sterk gevoel. Die twee store is heeltemal te klein om voorrade vir 'n jaar te hou. Geboue (behalwe die bestaande en voorgestelde store) waarin die voorrade gepak kan word sodra dit van die skip afgelaai is, sal beskerming bied vir waardevolle toerusting wat nou buite lê en beskadig kan word. Dit moet beklemtoon word dat die matrose alle voorrade aflaai en dat hulle nie toegelaat kan word om voorrade direk in die store te pak nie.

Die aanbou van 'n siekkamer is dringend nodig. Alle medisyne en eerste hulp toerusting word in die badkamer gehou.

Vier persone slaap in die Tristan-Huis en Weerkantoor waar geen badkamers of toilet-geriewe bestaan nie. Hierdie persone moet dikwels reën en stormweer trotseer om by die badkamer of geriewe te kom. Die woonhuis behoort vergroot te word sodat alle persone enkel slaapkamers kan hê.

Die aanbou van 'n gimnasium, waar binnemuurse spele gespeel kan word, sal help om die lang wintermaande op 'n sosiale wyse deur te bring. Die waarde van "'n gesonde gees in 'n gesonde liggaam" kan, veral op Marion, nie hoog genoeg geskat word nie.

Die aanbou van 'n spoelsanitasie-stelsel is noodsaaklik beide om higiëniese en persoonlike redes.

9. Eksperimente met groenteplante wat ek oor 'n tydperk van tien maande uitgevoer het, het bewys dat, indien 'n glashuis beskikbaar is, 'n groot hoeveelheid vars groente op die Eiland gekweek kan word. Ek beveel aan dat 'n landboukundige met kennis van die kweek van plante in glashuise, op die Eiland geplaas word.

3/ ....

10. Skape. Ek kan ook aanbeveel dat ongeveer honderd skape by wyse van eksperiment na die Eiland gestuur word - maar alleenlik as die nodige personeel saamgestuur word om kampe te maak, die wol te skeer en om gedurende die wintermaande die skape te voer. Ek wil benadruk dat nie te veel skape gestuur moet word nie, aangesien die skape die polle gras uit die nat grond optrek wanneer hulle wei. Die uitgetrekte graspolle groei nie weer nie. Gereëlde vars vleis is egter so onontbeerlik dat die aanhou van 'n groot aantal skape absoluut noodsaaklik is.

11. Aanplnat van Bome. Dit is nou duidelik dat sekere tipe bome goed aard en sterk groei. 'n Groot aantal bome behoort uitgestuur te word met 'n tweërlei doel nl. (a) dreinering van die moerasse en (b) beskutting vir die geboue (veral die paadjies waarop mens loop) teen die heersende winde. Ek beveel ook aan dat vrugtebome wat in Kanada en Noord-Europa groei, aangeplant word.

12. Kleurling Bediendes. Die behoefte aan bediendes vir die skoonmaak van die huis, skottelgoed was, koskook en verrigting van buitewerk, is lankal gevoel. Ek kan dit sterk aanbeveel maar alleenlik as die Verantwoordelike Beampte 'n grondige kennis van kleurlinge en hulle gewoontes het en weet hoe om hulle te administreer en beheer. Bediendes sal handig wees met die voorgestelde eksperiment om skape op die Eiland te teel.

13. Klere uitrusting. Die uitrusting is oor die algemeen goed. Die skoene skep 'n probleem en ek stel voor dat 'n waterdigte leerstewel (soos gedurende die oorlog aan rapportryers verskaf is) die "army" en "gum" boots sal vervang. Die vliegpak skeur ook baie maklik en is nie sterk genoeg vir buitewerk nie. 'n Warm waterdigte leerbaadjie en sterk broek sal baie meer dienlik wees.

14. Die Weerkundige beamptes ondervind groot moeilikheid met die loslaat van die Radiosonde balonne as die wind sterk waai. 'n Sterk afwaartse suiging in die klofie langs die Radiosonde huis, veroorsaak dat baie instrumente stukkend geslaan word teen die rotse. Afgesien van die geweldige koste aan instrumente en waterstofgas wat so verlore gaan, bring dit ook dubbele werk mee aangesien nuwe gas en instrumente voorberei moet word. Ek stel voor dat die boonste 10 tot 20 voet van die punt met dinamiet weggeskiet word. Dit kan gedoen word tydens die volgende besoek van die skip. Mnr. Pelser besit 'n lisensie vir dinamiet blaas en hy kan versoek word om dit te doen tydens die skip se besoek, voor sy terugkeer na die Unie.

15. Aaneenskakelend met die vorige paragraaf, is my voorstel dat Boogaardts Rivier regs van Juniors Kop verlê sal word en deur Prion Vallei in die see sal vloei. Hierdie verlegging sal 'n stroom vars water naby die huis bring. Die kanaal wat geskiet moet word sal ongeveer vier voet diep wees.

16. Vliegboot-basis. Ek wil die moontlikheid hiervan sterk onder die aandag bring. 'n Vliegboot-diens sal baie waardevol wees bv. die neem van vars groente, omruil van personeel, en bo alles tydens siekte. Binnelandse mere is buite sprake as neerstryk vlak aangesien almal te klein en te vlak is. Behalwe tydens storms sal vliegbote waarskynlik baie maklik naby Transvaal-inham kan neerstryk. Transvaal-inham en die onmiddellike omgewing is goed beskut teen Westelike, Suid-Westelike en Suidelike winde. Dit is alleenlik Noord-Westelike en Noordelike winde wat hoë seedeinings naby Transvaal-inham veroorsaak. As 'n muur vanaf die punt van Gunner's Punt skuins gebou word sal dit 'n baie goeie vasmeer plek vorm.

17. Hidro-Elektriese Kragbron. Indien die betrokke outoriteite so 'n stelsel goedkeur, sal dit verwelkom word as die installering so gou as moontlik kan geskied. Daar is 'n volledige apparaat op die mark beskikbaar, indien dit nog baie jare sal duur om plaaslik een te ontwerp en te konstrueer. Daar is 'n behoefte aan elektriese verwarmers, elektriese stoof en - warmwater installasies, asook sterker ligte.

18. Aflaai van voorrade tydens skeepsbesoek. Dit sal baie bespoedig word indien elektries aangedrewe hyskrane op Gunner's Punt aangebring word. Die matrose wat gewoonlik hyskrane met die hand moet draai sal verskuif kan word sodat twee bootjies gelyktydig voorrade tussen die skip en die Eiland kan vervoer.

19. Verf van geboue. As gevolg van die heersende sterk winde en groot hoeveelhede reën, is dit wenslik dat die geboue ten minste een keer elke ses maande, of nog meer dikwels, geverf moet word. Daar is maar baie min mooiweer dae vir die hoeveelheid buitewerk sodat die dae waarop geverf kan word baie min is. As 'n verfspuit voorsien word, kan terminste die helfte van die geboue, buitekant, op een dag geverf word.

20. Reis na en vanaf Eiland. Dit is die gebruik dat junior amptenare, wanneer op die skip, op die vloer moet slaap, in oorvol vertrekke met kwalik genoeg beddegoed. Dit sal waardeer word as die Departement met die betrokke Vlootowerhede onderhandel om behoorlike akkommodasie in te rig en te voorsien vir junior beamptes.

21. Finansiële steun vir uitgawes. Posseëls. Die geweldige onkoste verbonde aan die instandhouding van die stasie kan tot 'n groot mate, indien nie heeltemal, aangevul word as die Hoof Poskantoor bereid is om 'n Poskantoor op die Eiland op te rig tydens skeepsbesoeke. Dit sal nog beter wees as afsonderlike posseëls vir Marion-Eiland gedruk word. Die Hoof Poskantoor kan dan tydens elke skip se besoek beamptes saamstuur om die koeverte te seël en te stempel. Ek kan daarop wys dat baie posseël-versamelaars al koeverte stuur om op Marion geseël en gestempel te word, maar ons moet hulle meedeel dat daar geen posstempel bestaan nie. Die staat Lichtenstein, op die grens van Switserland en Oostenryk, kry al sy inkomste deur die verkoop van posseëls (wat voortdurend verander word).

22. Projektor en Films. Voorsiening van 'n projektor en 'n kompie films sal verwelkom word. Veral films van 'n komiese aard, asook wêreldreisfilms sal altyd gewild wees.

23. Toekoms van die Eiland. Bostaande aanbevelings word gedoen onder die verstandhouding dat Marion-Eiland in die toekoms nog deur die Departement van Vervoer administreer sal word. Met die ondervinding wat ek opgedoen het, kan ek nou voorstel dat die administrasie na die Verdedigings-mag oorgeplaas word. Die volgende redes is van die belangrikstes.

(a) Streng disipliene op die Eiland is absoluut noodsaaklik en sal help om alle werk glad te laat verloop.

(b) Die koste verbonde aan die skip se reis sal deur die Verdedigings-mag gedra word en kan as roetine opleiding vir seelui beskou word.

(c) Besoeke aan die Eiland deur vliegbote kan deur die Verdedigings-mag se eie vliegbote gedoen word.

(d) Personeel tekort binne die Departement sal verlig word deur terugtrekking van personeel. Daar is op die oomblik al vyf nie-departementele lede op die Eiland. Alle personeellede sal dan onder dieselfde departement resorteer en alle moeilikhede betreffende senioriteit, vakbond regulasies ens. sal uitgeskakel wees. Die Verdedigingsmag sal waarskynlik met behulp van 'n groter personeel, die moontlike ontwikkeling van die Eiland beter kan eksploiteer.

Indien 'n nadere bespreking van enige van gemelde aanbevelings verlang word, sal ek graag 'n mondelinge verduideliking lewer.

HEERKUNDIGE BEAMPTE,

Marion Eiland.